

26 Mei Skrifgedeelte: Psalm 33

Ook in jou nood bly die Here getrou

'n Mens voel hopeloos in noodsituasies. Die bedreiging is soms oorweldigend en dit lyk asof jou ondergang onafwendbaar is. Jy sê vir jouself: Dit is verby met my.

Die volk van die Here het ook so gevoel. 'n Vyandige leer het stelling teenoor hulle ingeneem. Hulle het gesien dit is klaarpraat met hulle, maar hulle word opgeroep om te jubel in die Here. Hoe kan 'n mens 'n loflied sing as die gevaar dreig? 'n Mens kán, want die hele wêreld is vol van die Here se troue liefde.

God het die heelal deur sy woord geskep en elke hemelliggaam op sy plek onderhou. Die seewater het Hy soos in 'n dam saamgebring. Ons God en Skepper wat dit alles doen, regeer ook oor die nasies wat Hy geskep het, dus ook oor die vyand. Hy kan hulle planne op niks laat uitloop nog voordat hulle dit kan uitvoer.

Selfs as die vyand die volk aanval, sal die Here sy troue liefde steeds bewys. Hy sal sy volk van die dood red. In hongersnood sal Hy hulle aan die lewe hou.

Die grond van hierdie troos is: Die God wat alles geskep het en in stand hou, is hulle Here. Hy het hulle as sy volk uitgekies. Sy troue liefde wat in die hele wêreld sigbaar is, sal ook aan hulle in hul nood bewys word.

Liewe leser, in jou nood het jy hierdie troos: Die Heilige Gees binne-in jou getuig dat jy God se kind is. Hy is jou Here. Jesus Christus het jou skuld betaal. Weet verseker dat die Here ook aan jou in jou nood sy troue liefde sal bewys. Vertrou op Hom; wag geduldig op Hom; Hy is jou hulp en beskermmer.

Sing: Psalm 33:2,6 Ds Coen Vrey (Rustenburg-Noordoos)